**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

Publikasie nr. 0 3 0 2 | Datum 81 08 14 226 | Onderwerp nr. 329 | Dokument nr. 1763

DIE VOLKSBLAD Jg. 77 Nr. P. 13 Dat. 81 8. 14

# Pta. binnekort glo in vlamme

Salisbury se Kantoor

SALISBURY. — Die vuurpylaanval Woensdagnag op 'n groot militêre kamp naby Pretoria is die teken vir 'n nuwe guerrilla - offensief wat gou die „rassistiese hoofstad self in vlamme kan laat opgaan," sê The Herald, Salisbury se oggendkoerant, vandag hier in 'n hoofartikel.

Onder die opskrif „Meer Bloed In Suid - Afrika" sê The Herald die „vryheidstryd" in Suid - Afrika gaan nou 'n nuwe fase binne, 'n fase wat nog meer bloed sal sien vloei, terwyl „die rassiste waansinnig aan mag vashou in uitdaging teen die wêreld".

Die geskiedenis is egter nie aan hulle kant nie. Tyd ook nie. Min „vryheidsoorloë" het misluk terwyl die rede vir sukses so oorweldigend was, skryf die koerant.

Die „vryheidvegters" vorder al hoe nader aan die magsbasis van die regime. Oliver Tambo, wat die mantel van Nelson Mandela dra terwyl daardie „held" in die tronk op Robbeneiland is, is nie iemand vir toneel speel nie.

Wanneer die ANC sê dat ná die moord op Joe Gqabi in Salisbury die ANC Suid-Afrika in eie munt sal terugbetaal en SA se leiers sal vermoor, moet dit ernstig opgeneem word.

Een man wat die verloop van sake in Suid-Afrika goed sal moet dophou, is pres. Ronald Reagan. Die Suid - Afrikaners mag die geallieerdes gehelp het om die Tweede Wêreldoorlog te wen, maar die oorlog op hul eie werf gaan 'n ander uitslag hê.

Mnr. Reagan moet Viëtnam, Laos, Kambodja, Angola, Mosambiek en Zimbabwe onthou, sê The Herald.

TREFWOORDE

1 Herald
2 Zimbabwe
3 Redaksioneel
4 Voortrekkerhoogte
5 ANC
6 Stedelike Terrorisme
7 Vuurpyle
8 Aanvalle
9 Reagan R
10 Buitelandse Betrekkinge